

Voorblaadjie :

TESIS VIR D.Ed. ONDER P.U.K. VIR C.H.O. 1949,

DIE EWOLUSIE-GEDAGTE IN DIE OPVOEDING

'n HISTORIES- KRIEIESE STUDIE

deur W.L. du M. MARAIS.

M.A. M.Ed.

Promotor: Prof. J.C. COETZEE M.A. M.Ed. D. Phil.

'n Opsomming van Proefskrif vir D.Ed.:-

'n Histories-Kritiese Studie van die Ewolusie-gedagte in die Opvoeding.

HOOFSTUK I.

1. Inleiding:

Die ewolusie-gedagte is een van die oudste lewensbeskouings oor die ontstaan van die verskynsels en van die wêreld, en is aangevoer deur die Griekse heidense wysgere maar is later verwerk tot meer progressiewe ewolusiesisteme.

Die ewolusieteorie bly merkwaardig omdat dit aantoon hoe die mens as kenniswese begin het. Daarom sal die opvoeding as 'n pansofiese kennis-sisteen altyd daarin aanknopingspunte vind, hoewel die ewolusieteorie die opvoeding en die beskawing op 'n dwaalspoor gehou het.

2. Definisies van Ewolusie:

Volgens J.M. Parrish en J.R. Grossland se woordeboek, "The Modern University Dictionary", is die ewolusieteorie daardie wetenskaplike teorie, waarvolgens hoëre lewensvorme uit laere meer eenvoudige en rudimentêre vorms ontwikkel het. Hierdie beskouing word gehuldig ook deur W. Prins, Dobzhansky, Clodd, Smuts, Bergson en Souquet, in hul betrokke geskryfte oor ewolusie.

Al hierdie ewolusionêre beskouings gesamentlik geïnterpreteer dui aan dat ewolusie 'n naturalisties-otonome kosmiese ontwikkelingsproses waardeur die anorganiese die aansyn gegee het aan die organiese en vandaar weer aan die mens en verder, is.

3. Die Aard van die Heelal:

Die ewolusioniste van die oudheid het volgens fisiese, biologiese en anatomiese beskouings, sonder om ewolusie te omskryf in kosmogoniese beskouings die ewolusieteorie openbaar.

a. Hesiodus, 'n Griekse digter (850 v. Ch.) beskryf in sy boek "Theogonie", hoe die wêreld 'n organisme is en die gode deur 'n ewolusionêre proses gevorm is. Thales van Miletus

- (600 v. Ch) het water as die oerstof van alle verskynsels beskou.
- b. Anaximander van Miletus (610 v. Ch) het die Oneindige, as die oerstof van die heelal beskou. Dit kon beweeg en opbreek, om alle dinge in aansyn te roep.
- c. Anaximenes van Miletus (584-484 v. Ch) het lug as bron waaruit alle dinge ontwikkel het, beskou.
- d. Heraklitus (513 v. Ch) het vuur as die oerstof van alle fenomenale bestaan beskou.
- e. Empedokles (444 v. Ch) het beweer dat die heelal samegestel is uit vier elemente, aarde, lug, vuur en water, wat deur liefde kan verbind om die heelal te vorm, maar wat ook deur haat die heelal kon opbreek.
- f. Anaxagoras (499-428 v. Ch) het beweer dat daar biljoene deeltjies bestaan en wat deur verskillende verbindings, 'n verandering en 'n aansyn kon gee aan die wêreld.
- g. Die Atomiste het die verbindende en afskeidende atome as vormingselemente van die heelal beskou.
- h. Plato (429-347 v. Ch), het die verwesenliking van absolute idees in die tydelike en veranderlike materie as die skeppingsproses van die wêreld op relatief-ewolusionistiese wyse beskou.
- i. Aristoteles beskou die idee as immanent-funksionerende : in die materie, wat 'n metamorfose ondergaan om so die fenomenale wêreld, met 'n ontwikkelende god te vorm. Sy ewolusionêre wêreldbeskouing is een van 'n fisiese transformisme.
- j. Epikurus (342-272 v. Ch) het die atomiese beweging, as gevolg van verskillende atoomgroottes, as oorsaak van die heelalvorming beskou.
- k. Zeno (360-260 v. Ch), die hoof van die Stoïsyne het die Aristoteliaanse begrippe van materie en vorm aanvaar as die vormende prosesse van die heelal.
- l. Die Stoïsyne het die veranderlike vuur as die heelalsges beskou. Dis die bewegende mag wat alles in aansyn kon bring.
- m. Pyrrho (370-285 v. Ch), die leier van die skeptici het gemeen dat die menslike sinne teenstrydige kennissisteme verskaf.

- n. Philo (100 v. Ch), het gemeen dat God deur uitstraling op die materie ageer en so die heelal skep.
- o. Plotinus (305-270 v. Ch) het die beskouing van Philo bevestig.
- 4. Die Invloed van die Griekse Ewolusie-beskouings op die Bestaande Kennissisteme bv:
  - a. Die Teologiese nl. die Wese van God.
  - b. Die Antropologiese nl. die plek van die mens in die heelal.
  - c. Die Etiese, d.i. wat goed en kwaad is.
  - d. Die Metafisiese
  - e. Die Sielkundige.
  - f. Die Staatskundige, nl. mens en staat
  - g. Die Logiese, nl. die aard van kennis.
  - h. Die Estetiese, nl. die Skoonheidsleer.
  - i. Die Opvoedkundige beskouing as 'n samevatting van al bogenoemde kennissisteme.

#### 4. DIE GRIEKSE- PRINSIPIELE.

- a. Die Teologiese nl. die Wese van God.

Die vroegste godsdienste van die Grieke het bestaan in 'n geloof aan politeïsme, bv. gode van bome, riviere, winde water, vuur ens. - soos geopenbaar deur die Homeriese gedigte.

Die Teogonie van Hesiodus openbaar 'n ewolusionêre afstammingsleer waarin die een skeppingsdeel ('n god bv. chaos), 'n ander skeppingsdeel bv. hemel ('n god) voortgebring het.

Thales het God as 'n oerstof nl. water beskou. Xenophon het God as die heelal beskou, en dat dit veranderingsprosesse insluit.

Volgens Plato is al die gode afstammings van die een volmaakste God, wat hulle en gesamentlik met hulle later die mens en die wêreld gevorm het volgens anatomiese wyse.

Vir Aristoteles ontwikkel God saam met die wêreld, maar in die siklus van die metamorfoses van vorms, waarin die materie ontwikkel, is daar 'n ewolusievorm wat geen verdere metamorfose ondergaan nie, nl. 'n materielose vorm, 'n onbeweeglike Beweging. Aristoteles openbaar god in die ewolusie-proses - 'n graderende

metamorfoses van realiteite - in die wêreld - panteïsme; en hy openbaar god ook aan die end van metamorfose as 'n onafhanklike finaliteit - deïsme.

Die Epikuriste was politeïsties in hul verklaring dat die gode soos die mense ontwikkel en gevorm was met biologiese behoeftes - hoewel fyner.

Die Stoïsyne was panteïste want god was vir hulle net die heelal, en as sulks die vader van alle dinge.

b. Die Antropologiese nl. die plek van die mens in die heelal.

Thales het die mens as 'n skepping uit water beskou. Die mens het soos die natuurorde 'n natuurwese geword.

Empedokles het beweer dat die mens samegestel is uit sulke elemente soos aarde lug en vuur, en die geskikste lewensvorm met die meeste denkvermoë 'n voortbestaan het (Darwinisme).

Volgens die Atomiste is die mens 'n voortbrengsel van die prinsipiële atoommengsels.

Die Sofiste het die mens vanuit die natuurwêreld na 'n sosiale wêreld, waar hy die middelpunt van die heelal geword het, verplaas.

Vir Plato is die mens 'n voortbrengsel deur die werking van die absolute idee (die gode) op die veranderlike materie. Die mens het 'n hoër vormingsproses op anatomiese biologiese wyse as die ander organiese wesens. So is die Platoniese filosowe van 'n hoëre vorming as die arbeiders en soldate.

Aristoteles het die mens as van net so 'n vormingsewolu- sie as die heelal beskou nl. deur die ewolusionêre werking van vorm op materie. Die mens word gevorm deur 'n herkapitulerende en emergente ewolusie, nl. die mens herhaal die vitale funksies van die plant, die fisiologies - psigologiese funksies van die dier nl. luste en begeertes en instinkte, maar het daarby nog die emergente kapasiteite van die rede en intellek. So skakel die mens ewolusionisties met plant en dier.

Heraklitus verklaar dat die mens soos alle dinge op ewolusionistiese wyse deur die wêreldvuur gevorm is.

In al bogenoemde beskouings is die mens ewolusionisties merendeels deur 'n outonome natuurproses en ook deur 'n politeïstiese funksie in die materie op chemiese, fisiese en anatomiese prosesse gevorm, sonder 'n wonderwerk van 'n spesiale skepping.

5. Die Grieks-empiriese Beskouings.

a. Die Etiese, d.i. wat goed en wat kwaad is:

Heraklitus het die etiese in wordingsprosesse gevind. Die natuurprosesse van lewe en dood, waak en slaap, jeug en ouderdom gaan inmekaar oor en is een en dieselfde dinge. Die heelal beleef 'n harmonie deur 'n verbinding van teenoorgesteldes. Die etiese bestaan in die mens se aanpassingsprosesse by die universele veranderingsproses in die heelal, en sonde bestaan in die afwyking van die heelalswette nl. die veranderingsprosesse van die heelal. Goed en kwaad is egter relatiewe begrippe wat inmekaar kan verander.

Plato openbaar sy etiek in sy twee dualistiese wêreld, waarvan die sonde geleë is in die veranderende tydelike materiële wêreld; en die goeie geleë is in die absolute onveranderlike idee-wêreld. Volgens Plato se teorie van metempsigosis kan die siel ewolusioneer vanaf die materiële na die absolute wêreld d.i. vanaf die oord van sonde na die onsterflike oord van die eties-goeie.

Ook die mens kon vanaf die materiële, sinnelike wêreld na 'n absolute wêreld ontwikkel, maar so 'n etiese ewolusie was van Plato se drie staatsklasse, nl. arbeiders, soldate en filosowe net moontlik vir sy filosowe. Plato openbaar dus 'n oorganklike en potensieel-ewolusionêre etiese filosofie, wat 'n relatief-ewolusionêre harmonie openbaar, want in die graderende staatsklasse, moes die arbeider aanpas by die soldaat, wat weer aanpas by die filosoof. In so 'n ewolusionisties-gegradeerde harmoniese staat word dan waarheid, skoonheid, geregtigheid en geluksaligheid bereik.

Aristoteles beskou die etiese deug as 'n gevolg na 'n lange ontwikkelingsproses, totdat die gemiddelde deur 'n aanpassings- en insigproses bereik is deur 'n oorweegde gemiddelde tussen twee uiterstes. Verder getuig Aristoteles in sy stelsel van vorm en materie. Die idee is in die sigbare dinge as potensiële krag - entelegie - geleë, en ontwikkel in die wêreld sodat die sin van die wêreld hom openbaar in 'n ontwikkelende wêreld.

b. Die Metafisiese en Fisiese:

Metafisika, word op ewolusionistiese wyse konstrueer deur sulke fisiese metafisisie, soos Heraklitus, Empedokles, Anaxagoras, die Atomiste en Aristoteles. Heraklitus se beginsel:- Alle dinge vloei was 'n aforisme vir die ewolusieproses van die wêreld. Vir Empedokles kan deur die menging van water, vuur, aarde en lug met mekaar alle inhoude van die wêreld gevorm word. Vir die Atomiste kon die atome, met veranderlike gewigte die heelal saamstel en beweeg. Die wegvloeiende atome veroorsaak waarneming.

Aristoteles konstrueer metafisika ewolusionisties in die verklaring dat die kosmos gevorm word deur die metamorfose van materie in progressief-ontwikkelende vorms - sonder 'n teorie van 'n spesiale skepping.

Die Stoïsyne het Heraklitus se oerstof, vuur, wat verskillende metamorfoses aanvaar, bv, siel, rede, ens. as die metafisiese basis beskou van die geanimeerde materiële natuurwêreld.

c. Die Sielkundige:

Vir Thales was die siel 'n bewegende en magnetiese mag en die heelal vol geeste. Anaximenes het die siel as 'n ontwikkelingsproduk van lug beskou. Vir Empedokles was die bloedsomloop die bron van die sielelewe. Vir Plato kon die siel ewolusioneer deur metempsigosis en ook deur 'n filosofiese ontwikkeling na die absolute ideële wêreld.

Vir Aristoteles is die siel 'n dinamiese en ewolusionêre lewensentiteit, wat by die negatiewe funksies (plantelêwe) begin, ewolusioneer na 'n diereryk met luste, begeertes en kulmineer in 'n mensewêreld van intellek en rede, waar dit nog verdere ewolusionêre skakerings ondergaan.

d. Die Staatkundige nl. Mens en Staat.

Plato se ewolusionistiese etiek vorm die basis van sy ewolusionêre staatkunde, met sy drie gegradeerde ewolusionêre menslike nature van luste, moed en wysheid, en die ontwikkeling van die mens na 'n filosofiese wêreld van absolute ideë. Plato getuig van 'n poligenetiese staatsewoluësie, as uit een Griekse volk die volgende inmekaarveranderde staatsvorms ontwikkel :- demokrasie, aristokrasie, oligargie, regale en tiranniese staatsvorms.

Aristoteles beskou die staat as 'n gevolg van biologiese faktore. Hy getuig van die Platoniese staatsvorms, elk waarvan variasies het en ook inmekaar kan verander in 'n ewolusionêre gegradeerde reeks.

Die Stoïsyne getuig van die ewoluësie van 'n nasionale tot 'n kosmopolitiese staat, net so universeel as die natuurlike heelal, waaruit die staat ontwikkel.

Vir die Epikuriste was daar 'n staatsewoluësie, volgens die ewoluësie van intelligensie. Die staatswette getuig van 'n biologiese ewoluësie deur biologiese lewensvoorwaardes.

e. Die Logiese nl. Aard van Kennis.

Empedokles verklaar kennis ewolusionisties volgens die mikrokosmos-makrokosmos verhouding. Die logiese meganisme is soos die heelalstruktuur. Demokritus beskou kennis as 'n ontwikkelingsgevolg uit sintuiglike ervaring. Die Sofiste beskou kennis as 'n gevolg van subjektief - idealistiese ontwikkelings. Vir Sokrates ontstaan kennis deur 'n spesiale geestesvorming. Vir Plato bestaan kennis in 'n ideëwêreld, wat deduktief-ewolusionisties gegradeer is. Aristoteles beskou kennis as die gevolg van 'n sistematiese ontwikkelingsproses vanaf gewaarwording tot

waarneming en meenprosesse en eindlike rasionele denke. So ook is die logika van die Stoïsyne.

f. Die Estetiese nl. die Leer van Skoonheid.

Plato beskou die skone as 'n ontwikkelingsproses uit die eenvormige en kosmiese verloop. Die skone bestaan verder in sy staat, waarin die ewolusionêr-gegradeerde menslike nature harmonies bymekaar in - en aanpas. Aristoteles getuig van twee kunsoorte, waarvan die een op ewolusionistiese wyse voltooi wat deur die natuur aangevoer is bv. om deur mediese versorging en fisiese gimnastiek die mens gesonder te maak. Verder is daar 'n nabootsende kuns, wat die werklikheid afkopieer, maar wat kan ewolusioneer in verskillende génres.

6. Die Opvoedkundige Beskouing as 'n Samevatting van Bostaande Kennissisteme.

a. Die Veranderde Mensbeskouing:

Anaximenes en Empedokles met hul biologiese ewolusieteorie, het saam met die Atomiste met hul fisiese ewolusieteorie die Grieke gelei tot 'n agnostisisme en hulle laat twyfel aan die tradisionele denke van 'n goddelike oorsprong van kultuur. Die kosmiese ewolusieteorie het 'n veranderde beskouing geskep dat die Griekse beskawing 'n lae barbaarse oorsprong het, wat dus nie meer soos die Homeriese digkuns geroem kan word nie. Die Griekse jeug het dus hul eie nasionale verlede begin verag en alle waarde en outoriteit misken, sodat godsdiens en heldeverering nie meer gegeld het nie. Sokrates, Plato en Aristoteles, het dus 'n empiries-induktiewe en ontwikkelende opvoeding gepropageer om die mens van so 'n mensbeskouing te verbeter, deur 'n natuurlike aan- en inpassing, waarvoor die Grieks-mitologiese gode nie meer nodig was nie.

b. Die Veranderde Skoolorganisasie:

Teenoor die Grieks-mitologiese beskouings het 'n geneties-ontwikkelende beginsel, eie aan die ewolusieteorie die skoolorganisasie deurdring. Opvoeding moet nou kompenseer vir gebreke in die kosmiese proses deur volgens chronologies-progres-

siewe metodes en ooreenkomstiglike veranderlike onderwysstadia, die onvolmaakte mens na beter mense, ideale en na 'n absolute wêreld van deug, saligheid en geregtigheid opvoed deur 'n Grieks-sekulêre onderwysprogram in stryd met die ou mitologiese opvoeding.

#### Die Nuwe Griekse Opvoeding.

#### c. 'n Veranderde Lewensbeskouing:

Na 479 v. C. toe Athene staatkundig oppermagtig geword het is die Griekse ewolusionêre lewensbeskouing in die toenemende Grieks-wetenskaplike denke orals openbaar en finaal gebreek met die mitologiese en politeïstiese denke. Die opvoeding het intellektualisties, specialisties, retories en universeel wetenskaplik geword. Daar is toegelaat vir meer individualiteit, individuele geleenthede, demokrasie, literêre veranderings, introspektiewe sielkunde, filosofie, die vervanging van mitologie deur rasionele en natuurwetenskaplike beskouings, die aanwending van wetenskaplike metodes, gradering van leerstof en leerlinge, vervanging van nasionale deur kosmopolitiese kultuur, 'n meer humane kuns-sinnige elastiese en wetenskaplike opvoeding, wat uitgebrei is na 'n universitêre onderwys met bv. sulke vakke soos retorika, literatuur, filosofie, musiek, matesis, medisyne, astronomie, tekene, geometrie, optika, rekenkunde, geskiedenis, regwetenskap en dialektika.

#### d. Metode en Tug:

Nuwe dissiplinêre beskouings het die oue tug van 'n vader oor sy seun vervang. Liberale setgewoontes het ingetree, ingewikkelde musiek het die instrumentale musiek vervang. Fisiese skoonheid en sintuiglike genot in weerwil van alle praktiese nut en militêre of godsdienstige oorwegings het die dissipline wat manlikheid en gesondheid beoog het, vervang. Die Homeriese digkuns en nasionale liedere is vervang deur didaktiese en intellektuele literatuur. In die leerplan is morele onderwys deur intellektuele onderwys vervang en 'n oorheersende wêreldsheid het die antieke erns, vroomheid, godsdienstigheid en eerbiedigheid vervang, sodat morele en burgerlike agterlikheid tot

■ ■ ■

groot ergernis van die konserwatiewe Grieke in swang gekom het. Die natuurlike, empiriese en natuurwetenskaplike het die geloof in die bo-natuurlike oorweldig.

e. Die Veranderde Leerplan:

Aristoteles het op natuurwetenskaplike wyse totaal met die ou Grieks-mitologiese en godsdienstige wêreld gebreek toe hy die volgende wetenskappe saamgestel het:- Logika, fisika, astronomie, geneties, sielkunde, dierkunde, botanie, anatomie, biologie, metafisika, etiek, politiek, estetika, opvoedkunde en taalkunde, wat hy almal op 'n empiriese, geneties-ontwikkelende metode afrond. Die vakke is inmekaar geskakel volgens ewolusionistiese wyse. Die veranderde leerplan vir Rome en Griekeland was toe soos volg :- Vir leerlinge van 6 tot 12 jaar onder 'n Ludi Magister is lese, skrywe en syfers geleer; van 12 tot 16 jaar, onder 'n grammatikus is grammatika, en literatuur geleer in die Latynse en Griekse, ook Sekondêre Skole; vir die ouderdom van 16 tot 18 jaar, die kollegiaatperiode het die Retoriese Skole diens gedoen en vir die universitêre periode vir studente van 'n agtienjarige tot vyf-en-twintigjarige ouderdom is wet, medisyne, argitektuur, grammatika en retorika deur 'n professor gedoseer.

Vir 'n meer volwassene onderwys het die ewolusionêre kennissisteme van Plato en Aristoteles diens gedoen. Dus het 'n progressief-sekulêre Romaans-Helleens-paganistiese leerplan met 'n ewolusionêre wêreldbeskouing die antieke godsdienste verplaas, maar slegs om te verdwyn by die aankoms van die christendom.

7. Die Houding van die Vroeë Christendom teenoor Ewolusie:

a. Die Evangelie van Christus:

Jesus Christus het die christelike godsdienste met sy bybelse grondslag die verhewendste beskawingsfaktor gaan maak en aan sy dissipels opdrag gegee om die evangelie aan die hele mensdom te verkondig. Die evangelie is egter gegrond in 'n spesiale skeppingsteorie van die heelal, sodat die ewolusionêre wêreldbeskouing nie meer as 'n kosmogoniese verklaring nodig geag is nie, sodat die Helleens-Romaans-paganistiese kennissis-

teme nie meer nodig geag is nie.

b. Die Uitdaging van die Christendom:

Die Christendom het voorberei vir 'n toekomstige hiernamaalse en onsterflike lewe, i.p.v. die Grieks-Romeinse aardse staatsburgerlikheid. Teenoor die antieke ewolusionisties-gegradeerde Grieks-Romeinse maatskappy het die Christelike ideaal van gelykheid van alle mense en verlossing van alle mense deur Jesus Christus, die hele antieke beskawing vervang, en weggedoen met die Griekse politeïstiese en Romeinse afgodedienste.

c. Die Oorwinning van die Christendom:

Toe Christelike kerke dwarsdeur Judea, Klein-Asië en in dele van Griekeland en Macedonië, langs die Swartsee, Frankryk Italië, in die tweede eeu en orals in die Romeinse Ryk na die vierde eeu gestig is, het die ewolusionêre wêreldbeskouing verdwyn. Die Romeinse keisers, Golerius en Konstantyn het die Christelike godsdiens bevorder en Theodosius het alle heidense godsdiens in 391 n. C. verbied.

d. Die Verwerping van die Heidense Geleerdheid in die Weste:

Die Wes-Romeinse kerkleiers het die ewolusionistiese beskouings van die antieke geleerdheid afgekeur. Augustinus het in 401 n. C. geestelikes verbied om heidense literatuur te lees. Later het pous, Gregorius die Grote dieselfde gedoen gedurende 590 tot 604 n. C.

§. Die Middeleeuse Houdings Teenoor Ewolusie:

a. Die Middeleeuse Kerkstelsel:

Die staatkundige Romeinse Ryk, wat oor die hele Wes-Europa tot in Noord-Afrika gestrek het, het onder die Christelike Romeinse Ryk met sy pous en kerkregerings, wat ohristelike kultuur en geleerdheid bevorder het, gestaan, sodat die ewolusionêre kennis tot by die Renaissance vertraag is.

b. Die Hindoes en Arabiere:

Maar die ewolusionêre wêreldbeskouing het nog 'n voort bestaan gekry, in die Oos-Romeinse Ryk, waarheen Nestorius, 'n biskop van Konstantinopel en deur Theodosius verban, gevlug het met die Griekse geskrifte, wat spoedig in Arabies vertaal is

en die Arabiese literatuur oorheers het met 'n ewolusionêre wêreldbeskouing. Toe die Moorse Ryk wat deur die Arabiese geleerdheid beïnvloed was, Portugal en Spanje en ook dele van Italië verower het, het die Grieks-ewolusionêre wêreldbeskouing net voor die Renaissance gedurende die twaalfde eeu weer in Europa herlewe, veral deur geskrifte van Abu Beker en Averroes.

c. Skolastiek:

Ook het die Skolastiek, wat die godsdiens teen die Noorse invallers verdedig het, deur 'n filosofiese oriëntasie aan die christelike godsdiens te gee, die werke van Plato en Aristoteles laat herlewe.

9. 'n Kritiese Beskouing:

Die Griekse politeïstiese godsdienste het in die wêreld sake ingegryp, maar met allerlei offerandes, wrede dade en mensemoord. Die Grieks-ewolusionêre wêreldbeskouing het genoemde godsdienste ondermyn, maar die nuwe interpretasies wat die Grieks-ewolusionêre wetenskappe aan die wêreld gegee het, was uiters hipoteties van aard, bv. die nuwe onbewese ewolusionêre beskouings van Thales, Heraklitus, Anaxagoras, Empedokles, die Atomiste. Selfs sulke gevorderde Griekse geleerdes soos Sokrates, Plato, Aristoteles kon geen afdoende antwoord gee oor godsdienstige, filosofiese, etiese, sielkundige, logiese en staatkundige vraagstukke nie.. Aristoteles het baie van sy kennissisteme met valse feite konstrueer en daarby 'n geloof gehad aan die kosmologiese, kosmogoniese en kosmografiese feite, wat onversoenbaar was met baie van sy ewolusionêre kennissisteme.

Die vroeë christendom het in sy radikale reaksie teen heidense geleerdheid, alle kennis i.v.m. Gods skepping en werke op 'n asketiese en monastiese wyse uitgedoof, en die boekkennis die monopolie van sy verstoke, asketiese priesters gemaak. Gevolglik is geleerdheid en moraal en ware godsdiens onderdruk.

Die Moslemitiese geleerdheid het <sup>deur</sup> die verbanne Griekse geleerdheid, met sy ewolusionêre wêreldbeskouing Europa weer anti-christelik gaan beïnvloed. Die Skolastiek het aanleiding gegee tot die stigting van baie Europese universiteite, waarin die klassieke geleerdheid weer herlewe het.

## HOOFSTUK II.

### Die Ewolusieteorie tydens die Renaissance.

- 1.A Die Renaissance as 'n herlewing van die klassieke kultuur, kuns, literatuur, wetenskap en filosofie van Griekeland en Italië, as die bronlande, het die ou Grieks-Romaanse ewolusionêre wetenskap laat herlewe, veral in die geskifte van Gesiesio G. Bruno, Campanella, J. Boehme, T. Hobbes en F. Gassendi, Descartes en Spinoza.
- 1.B Die Ewolusie in die Biologie:

Hierdie beweging is bevorder deur G. Agricola,

  - A. Versalius, Caesalpinus en Harvey.
2. Die Ewolusie van die Indiwidu:

Volgens die genetiese wetenskap het daar nou 'n ewolusionêre beskouing ontstaan dat elke indiwiduele ding van 'n materiële deeltjie ontwikkel en die neiging vertoon om 'n bepaalde lewensvorm te aanvaar.
3. Die Ewolusie van die Somtotaal van Lewende Wesens:

Teen die end van die Renaissance / <sup>leef</sup> die ou begrip dat alle dier- en plantsoorte in lewensbestaan gekom het deur die groei en verandering van primordiale organe. Harvey het die stelling eksperimenteel-fisiologies, en Descartes het dit empiries-filosofies openbaar.
4. Die Verhouding van die Ewolusie-idees Tot Opvoeding:

Selfs die Hervorming het die klassieke wetenskappe in die leerplanne van Christelike-skole ingesluit. Die Realistiese opvoedingsbeweging het egter die klassieke wetenskappe verhef bo alle ander kennissisteme, bv. die onderwyssisteme van Rabelais, J. Milton, F. Bacon en W. Ratke.
5. Kritiese Beskouings:

Die Hervorming het egter gekeer dat die herleefde antieke natuurwetenskappe met 'n eie ewolusionêre wêreld-

beskouing voor die dag kom. Die bogenoemde ewolusionêre skrywers het gewoonlik net menings, ongeldige gevolgtrekkings, spekulasies, onoplosbare vrae, ander teenstrydige sienswyses, analogieredenerings openbaar en kon dus nie hul teorie aanneemlik maak nie.

15/.....

### HOOFSTUK III.

1. Die Ewolusieteorie na die Renaissance:

Die vernaamste skrywers was Cudworth, J. Locke; J. Bodin en Pascal.

2. Die Ewolusie-idees in die Filosofie:

Leibnitz het deur sy boek „Die Monadologie“ getuig van 'n ewolusionêre wêreldbeskouing.

3. Die Vordering van die Biologiese Wetenskappe:

Die vooruitgang, ontdekkings en eksperimente op die gebied van die biologie is nou verbonde aan die vordering van die ewolusie-teorie. Die vernaamste biologiese ontdekkings is gemaak op die volgende gebiede :- Plantkunde, dierkunde, histologie, entimologie, bakteriologie en fisiologie, deur mense soos Tournefort, Ray, Leeuwenhoek Grew op die gebied van plantkunde; op die gebied van plantkunde het Malphigi, wat ook die histologie en entimologie bevorder het, gepresteer; bakteriologie is bevorder deur Leeuwenhoek en F. Redi; fisiologie is bevorder deur R. Hooke. Fernel het geografiese ontdekkings en Kepler het geografiese en astronomiese ontdekkings gemaak. Torricelli, R. Boyle, Newton en Roemer het natuurwetenskaplike uitvindings openbaar. Tyson het 'n ewolusionêre antropologie openbaar. Hierdie ontdekkings is as Bybel-vreemde kennis beskou en gretig deur ewolusioniste uitgebuit.

4. Die Verhouding Tussen Ewolusie en Opvoeding:

Locke en Comenius het met natuurwetenskaplike leerplanne in die opvoeding verskyn. Comenius se onderwyssisteme het in alle Europese lande toepassing gevind. By hom het natuuroutonomie en natuurwetenskap sodanig oorheers, dat dit die ewolusionêre wêreldbeskouing gaan bevorder het.

5. Die Ewolusie-beweging in die Agtiende Eeu:

a. Die wetenskaplike agtergrond is gelê deur Buffon Linnaeus, Werner, Hall, Smith, Black, Bergmann, Cavendish, Priestley, Scheele, du Faye, Deslisle, La Place.

b. Die ewolusieskrywers, wat met ewolusieteoriee voor die dag gekom het was G. Buffon, C. Linnaeus, C. Bonnet,

G. Cuvier, D. Hume, J. Priestley, B. Monbodde, G.E. Lessing, J.G. Herder, E. Kant en F.W. Schelling, wat almal met nuwe natuurwetenskaplike en filosofiese teorieë oor die ontstaan van die aarde, organismes en die mens voor die dag gekom het, en toe 'n ewolusionêre wêreldbeskouing bevorder het.

6. Die Ewolusie-Gedagte in die Opvoeding:

Die ewolusionêre wêreldbeskouing is in die geskiedenis van die opvoeding openbaar in die Naturalistiese Beweging, deur Voltaire en Rousseau, terwyl die Sielkundige Beweging aangevoer was deur Pestalozzi, Herbart en Froebel.

a. Voltaire het so sterk van die ewolusie van die mens getuig dat hy gemeen het dat daar verskillende menssoorte was en dat die lae mensklasse onopvoedbaar is. Gevolglik het hy slegs 'n aristokratiese opvoeding vir die aristokratiese mense bepleit.

b. Rousseau het aan die ewolusie van die beskawing geglo maar het gemeen dat natuurlike deug en goedheid by die menslike ras van die verlede te vind is, toe die mens in 'n natuurstaat geleef het, soos die menslike kind nog geneig is om te doen. Hy reageer teen die beskawing van sy tyd, omdat die mens te kunsmatig geword het en te ver van die natuurstaat af verdwaal het. Hy bepleit dus 'n naturalistiese opvoeding en meen dat die kind wat nader aan die natuur as die volwassene staan, daarvoor ontvanklik, leibaar en onderrigbaar is, en dat die natuur, eweas wat Comenius bepleit het, die hele onderwys in inhoud, metode en doel moet lei. Die onderwysbeskouings was orals in Europa ontvang en toegepas, ten spyte van moontlike kritiek wat teen so 'n naturalistiese teorie ingebring kan word.

Die Sielkundige Beweging.

J.H. Pestalozzi wat deur Comenius en Rousseau beïnvloed is, het opvoeding beskou as 'n proses van organiese ontwikkeling. Sosiale ontwikkeling was syns insiens ewewy-

wydig aan kosmiese ewolusie. Daarom het hy geglo aan 'n natuurlike ontwikkeling van die onderwysproses ten opsigte van die leerling, die leerinhoud- metodiek en doel, selfs ten koste van die destydse kerklike godsdienst, waarmee hy in konflik gekom het. Die erg-oordrewe natuurwetenskaplike opvoeding is op sosiologiese wyse aangewend om die destydse arm mensklasse op te hef vir 'n tegniese en industriële leefwyse met botter-en-brood -doeleindes, en kon nie akademies ver genoeg reik nie, sodat dit slegs op 'n pragmatiese vlak gebly het. Herbart het net soos Rousseau geglo aan 'n omgewingsdeterminisme en die naturalisties-psigologiese beginsels van Pestalozzi ge-interpreteer en kommentaar daarby gevoeg. Hy het die herkapitulasieteorie van die ewolusie tot 'n grondstelling van sy onderwysteorie verhef en gemeen dat die onderwysinhoud, metode en doel geskoei moet word, op die progressiewe verloop, van die ervaring wat deur die ras begin is, voortgesit is en tot 'n klimaks gebring is. Maar hy het die kind anders as Rousseau en Pestalozzi nie in 'n onmiddellike aanraking met die bronne van sy onderwys-leerstof gebring nie. Die leerstof moes op 'n gepredestineerde kunsmatige en meganies-eksterne wyse deur die onderwyser wat gewoonlik histories en natuurwetenskaplik opgelei is, by die leerlinge afgedruk word, sodat die leerlinge kunsmatig gevorm word, soos klei in die hand van die pottebakker.

Froebel was konsekwent ewolusionisties in sy onderwysteorie, waarvolgens die kind volgens sy eie kinderlike natuur, wat nasionaal, rasaal en godsdienstig van aard is en die hele ras se ontwikkeling herhaal opgevoed moet word. Froebel het geglo dat daar 'n lewenseenheid volgens 'n natuurwet is en dat God op panteïstiese wyse in alles immanent teenwoordig is. Hy bepleit dus 'n leerplan waarin natuurstudies die ewolusionêre studies van die wetenskappe en die wetenskaplike studie en simboliese gebruik van anorganiese verskynsels beklemtoon word.

Die onderwysontwikkeling moet bevestig word deur die kosmiese ewolusieteorie, waarvan opvoeding die hoogste fase is. Die onderwysinhoud - metode en - doel moet almal slegs ontwikkeling bevorder en opvoeding moet die kosmiese ewolusie aanvul. Froebel se onderwysteorie is in Engeland, uit Duitsland gevoer, en ook Frankryk en ander beskaafde lande het dit toegepas.

7. Kritiese Beskouings:

1. Die Skrywers:

J. Locke se ewolusionêre beskouings was uiters onbewysbaar en is dus hipoteties. So ook is Bodin en Pascal se teorieë, aangesien 'n christelike beskawing en nie juis 'n ewolusieproses vir hul sogenaamde progressiewe ontwikkelingsverloop verantwoordelik kan wees. Leibnitz se ewolusieteorie getuig van 'n afgeronde proses in die verlede en sy ewolusionêre eenhede nl. die monade is te onafhanklik van mekaar sodat so 'n ewolusieteorie te fragmentaries is. As 'n teorie van die verlede is dit moeilik om dit deur die natuurwetenskaplike feite van die hede te bevestig.

Die wetenskaplike ontdekkings en stellings het teen die bybel gebots, nadat ewolusioniste dit ewolusionisties interpreteer het en dit uitgebuit het vir ongeregverdigde ewolusionêre generalisasies. Selfs Locke se natuurwetenskaplike leerplanvakke staan deur so 'n ewolusionêre wêreldbeskouing afsydig van sy godsdiensonderwys. Comenius se natuurwetenskaplike onderwysinhoud en -metodiek het ongerymd en dus onharmonies reageer teen 'n tradisionele godsdiensonderwysdoel. 'n Christelike lewensbekouing, met sy bybelleer reageer teen so 'n verheffing van die natuur oor *f* kultuur en beskawing.

Daar is ook wetenskaplike gebreke en twyfelagtige gevolgtrekkings in die ewolusie-teorieë van Buffon, Linnaeus, Bonnet, Cuvier, Maupertius, Voltaire, Diderot, de la Mettrie, Helvetius, Robinot, Priestley Herder en Kant.

2. Die Agtiende Eeuse Opvoeding.

Die Onderwysskrywers:

a. Voltaire se opvoeding was 'n farisese opvoeding en 'n eensydige en oordrewe onderwysproses vir slegs die aristokrasie

Die gevolg was dat waar opvoeding noodsaaklik was, daar geen opvoeding was nie as gevolg van sy ewolusionêre wêreldbeskouing, dat die gewone mens onvatbaar vir opvoeding is.

b. Rousseau het ook 'n ewolusionêre onderwysbeskouing openbaar en die natuuroutonomie, erger as Comenius gaan verhef as die absolute gids vir die onderwysproses. Volgens Rousseau staan die kind soos die mens in die oorspronklike natuurstaat, nader aan die natuur en daarom is die kind ontvanklik vir 'n natuuroopvoeding teenoor die gekunstelde opvoeding van die agtiende eeu. Opvoeding moet in die verre historiese verlede, in die natuurmens sentraliseer, en ooreenkomstig die natuurlike lewensvlakke van die kind volgens natuurlike metodes plaasvind.

Rousseau het egter die kinderlike ontwikkeling te fragmentaries opgedeel en 'n individuele opvoeding bepleit, sodat hy die kind isoleer het van 'n universele vryheidsopvoeding, waarin die kind die veronderstelde demokratiese ideale van vryheid, gelykheid en broederskap prakties kon beleef. Rousseau het die natuuroutonomie ten koste van 'n Bybelse geestelike opvoeding gaan verhef, en 'n natuurlike godsdiens teenoor 'n skriftuurlike godsdiens gaan stel as 'n laaste fase in die onderwysproses.

c. Pestalozzi het die natuurfilosofie van Comenius en Rousseau voortgesit, deur te pleit vir 'n natuurwetenskaplike opvoeding ooreenkomstig die natuurlike ontwikkeling van die kind. Maar so 'n eensydige natuurwetenskaplike opvoeding kon nie 'n harmoniese persoonlikheid - die onderwysideaal van Pestalozzi - verwesenlik nie want die sosiale en geestelike wêreld was daardeur verag, en ook het Pestalozzi daardeur in stryd geraak met die geliefde kerktradisies. Pestalozzi het slegs die natuurgodsdiens van Rousseau en 'n instinktiwistiese moraalstelsel erken. Die natuurwetenskaplike opvoeding het slegs 'n pragmatiese opvoeding tot gevolg gehad, en dit was wel doeltreffend om die arm volksklasse in te lei vir ampte in die nywerheidswêreld.

d. Herbart het in sy ewolusionêre wêreldbeskouing die omgewingsdeterminisme en die herkapitulasieteorie verhef, as die onderwys-

faktore om die kapasiteitlose menslike siel te vervorm soos 'n pottebakker die klei. Die onderwyser het die natuuroutonomie van Rousseau oorgeneem en die kind was afgerig volgens voorgeskrewe eksterne onderwysprosesse wat veral rekening gehou het met die herkapitulasiesteorie, waarvoor die historiese kennissisteme instrumenteel was. Vir die omgewingsdeterminisme, het die natuurwetenskappe diens gedoen.

e. Froebel het sy idees van 'n kosmiese ewolusie na die onderwysproses gebring. Deur 'n panteïstiese godsdiens het Froebel alle skeppingsdele - en dus ook die kind - as gelykwaardig goddelik beskou en daarmee die verskil tussen goed en kwaad uitgewis. Volgens Froebel se natuurwet verwys alle dinge na 'n alles-omvattende eenheid nl. God, en volgens die herkapitulasiesteorie, herhaal die kind sy hele rasgeskiedenis in sy ontwikkeling, en daarom moet hy opgevoed word as 'n nasionale en rasale wese volgens die beginsel van ontwikkeling, wat ewewydig loop aan kosmiese ewolusie, wat die enigste openbaring van Froebel se God is. Opvoeding is dan volgens Froebel 'n fase van die kosmiese ewolusie. Die onderwysproses -metode en -doel word vereenselwig in een gemeenskaplike beginsel van ontwikkeling, wat geen vergelykende en oortreffende trappe openbaar nie. Die doel van die opvoeding is geleë in die onmiddellike ontwikkeling van die leerling en het geen betrekking op die toekoms nie, sodat die volwassene, nie as model voorgehou word nie. Froebel beweer daarenteë dat die lewe waarin die kind tree, nie die volwassene lewe is nie, maar wel die omringende lewe. Dus is daar nie 'n ideaal vir Froebel se leerlinge om onderwysers vir 'n Froebeliaanse opvoeding te word nie.

Froebel verhef self-aktiwiteit as die hoofmetode van die ontwikkelingsproses, ooreenkomstig Lamarck se ewolusiesteorie van bruik en onbruik van organe. Teenoor Froebel se stelling, dat self-aktiwiteit deur 'n mens se eie motiewe, soos dit ontstaan deur eie belange, bepaal word, is die kritiek dat self-aktiwiteit die plek van Froebel se God ingeneem het. Dus is eie-belange goddelik! Froebel kondig daarmee 'n subjektiewe godsdiensvorm aan en motiveer dus 'n pragmatiese onderwysteorie, wat nie die

moraal van goed en kwaad ken nie, maar wel dié van nuttigheid. Daarom neem die self-aktiwiteit sulke vorms aan soos kindertuin-spele en hande-arbeid, wat slegs meer mag en kapasiteit - nie kennis nie - ontwikkel.

Froebel openbaar 'n individuele godsdienstilosofie wat moeilik vir kinders aangeleer kan word en dit vereis 'n spesiale leerplan wat bo die pragmatiese onderwysprogram van Froebel moet gaan. 'n Christelike godsdienstilosofie sou Froebel se natuurwetenskaplike leerplan verongeluk, want die self-aktiwiteit moet slegs in die konkrete natuur verwesenlik word.

Verder is dit te betwyfel of Froebel se godsdienstetorie 'n ewolusie op vorige godsdienstilosofieë, soos die Griekse mitologiese godsdienstilosofie en die christendom is. Die onderwysgeskiedenis openbaar nie so 'n progressiewe chronologiese ewolusie nie, maar is vol teenstellende onderwysfases. Froebel se eie ewolusionêre onderwysstetorie het geen voorafgaande ewolusionêre stadia in die onderwysgeskiedenis nie. Hoe kan dit dus die kosmiese ewolusie afspiegel? Verder vorm sy filosofiese godsdienstilosofie 'n teëstelling met die Christelike godsdienstilosofie.

Froebel se ewolusionistiese beskouings en toepassings van die kindertuinonderwysproses openbaar te veel die abstrakte simbolisme van sy panteïstiese filosofie en is dus kunsmatig daarvoor ingerig want in die natuur is daar nie sulke vorms as wat Froebel se kinderspelapparate vertolk nie. Hoewel Froebel 'n interessante kinderonderwys propageer het en die konvensionele onderwysstetorie van sy tyd verdring het, kan sy ewolusionistiese onderwysstetorie nie as 'n ontwikkeling op en aansluiting met 'n christelike opvoedkunde beskou word nie.

HOOFSTUK IV.

Die Ewolusieteorie Van Die Negentiende Eeu.

1. Die Wetenskaplike Ontdekkings:

Die wetenskaplike ontdekkings van die negentiende eeu het die menslike denke uit die kring van die Christelike denke gelei, veral deur die astronomiese ontdekkings van Herschel en Leverrier, asook die bakteriologiese ontdekkings van Pasteur, die erflikheidswette van Mendel, die botaniese ontdekkings van Brown, Goethe en St. Hilaire en veral Lyell se ewolusionêre geologie.

2. Die Ewolusieskrywers:

Die vernaamste ewolusieskrywers van die negentiende eeu was :- J.B.P.A. Lamarck (1744-1833), E. Darwin (1731-1802), K.E. von Baer (1792-1876), J.F.M. Meckel (1781-1833), C.R. Darwin (1809-1882), A.R. Wallace (1823-1913) T.A. Huxley (1825-1895), E. Haeckel (1834-1914), H. de Vries (1848- ), G.W. Hegel (1825-1895), A. Comte (1798-1857), H. Spencer (1820-1873).

- a. Lamarck openbaar sy ewolusieteorie in sy boek "Philosophie Zoologique". Hy is voorstander van 'n ewolusieteorie volgens die oorerflikheid van aangeworwe kenmerke.
- b. E. Darwin, het soos Buffon geglo dat die organiese soorte na verloop van tyd verander in nuwe soorte.
- c. K.E. von Baer het eksperimenteel bewys hoe daar opeenvolgende embriologiese stadia in organiese ontwikkeling plaasvind. Von Baer se navolgers het hierdie bevinding gebruik as 'n bewys vir die herkapitulasieteorie.
- d. J.F. Meckel het vermeld dat hoe hoër 'n dier georganiseer is, hoe makliker dit deur die laere stadia ewolusioneer.
- e. C.R. Darwin het getrag om langs botaniese, geografiese, geologiese, biologiese, psigologiese, antropologiese, paleontologiese en andere gegewens die ewolusieteorie, wat steun op die beginsels van natuurlike seleksie, die stryd vir bestaan en selfbehoud asook die oorlewing van die geskikste en transformisme, te bewys.
- f. A.R. Wallace het onafhanklik van Darwin 'n ewolusieteorie, steunende op die beginsel van natuurlike seleksie, bepleit.

- g. T.H. Huxley het die Darwinisme in sy ewolusieteorie bevestig en oor die algemeen die natuurwetenskappe teenoor die humanistiese en godsdienstige onderwyssisteme, beklemtoon in 'n nuwe liberale opvoedkunde.
- h. E. Haeckel is 'n pleitbesorger van alle ewolusieteorieë vanaf die Grieks- Romaans- paganistiese verlede tot by die ewolusieteorieë van sy tyd. In sy ateïsties-georiënteerde ewolusieteorie, bestempel Haeckel die Christendom, met sy godsdiens en etiek as 'n mitiese en legendariese kennissisteam. Verder val hy die persoon van Christus aan, en bepleit hy 'n biologies-ewolusionêre wêreldbeskouing vir die opvoeding.
- i. Hugo de Vries het getrag om eksperimenteel te bewys dat daar 'n botaniese ewolusie is.
- j. Hegel beskou die hele beskawing en die kosmos asook God as ewolusionêre entiteite.
- k. Comte beskou alle kennissisteme as 'n ewolusieproses wat begin by godsdiens en eindig in die positiewe wetenskap, wat in diens van die mensheid gestel moet word.
- l. H. Spencer getuig ook van 'n ewolusionêre wêreldbeskouing waarvolgens die ewolusieproses begin by die eenvoudige, enkelvoudige, onsamehangende en voortgaan na die komplekse en samehangende. Al sy sosiale wetenskappe loop ewewydig aan so 'n kosmiese ewolusie. Spencer bepleit 'n ewolusionêre wêreldbeskouing met die natuurwetenskappe as die vernaamste onderwysinhoud -proses en -doel.

## HOOFSTUK V.

### Die Negentiende Eeuse Opvoeding en Ewolusie.

#### 1. Die Wetenskaplike Beskouings:

Wetenskap oor die algemeen en natuurwetenskap in die besonder is baie deur die ewolusioniste van die negentiende eeu bepleit, bv. deur M.J. Condorcet, F.P. Guizot, A. Comte, almal van Frankryk. Die Engelse verteenwoordigers was G. Combe, T. Huxley, H. Spencer, J.S. Mill; die Duitse verteenwoordigers was J.W. Suvern, Von Bethman-Hollweg en Von Gossler. Die verteenwoordigers van die V.S.A. was A. Gray en President Eliot.

#### 2. Die Wetenskaplike Beweging:

Hierdie beweging het die onderwysinhoud, die induktiewe metode en die natuurwetenskappe beklemtoon as die beste kennis vir lewe en geleerdheid.

#### 3. Die Ewolusie-Opvoedkundiges:

- a. Condorcet het met 'n natuurwetenskaplike onderwysprogram sedert 1792 verskyn.
- b. Guizot, 'n Franse onderwysminister het deur sy onderwyswet van 1833, die wetenskappe op die voorgrond gebring.
- c. Comte het uit ewolusionêre oorwegings 'n universele wetenskaplike onderwys bepleit.
- d. Huxley het deur 'n nuwe liberale opvoeding, met 'n natuurwetenskaplike grondslag en doel, die ewolusionêre wêreldbeskouing ten koste van die humanistiese en godsdienstige onderwyssisteme verhef. Kerk en Christendom is deur hom verkleineer.
- e. H. Spencer het deur sy ewolusionêre wêreldbeskouing propaganda gemaak vir die natuurwetenskappe waarop syns insiens die hele beskawing berus. Hy staan uiters negatief teenoor die heersende opvoeding van sy tyd, aangesien die ewolusionêre wetenskappe daarin nie te vind was nie. Hy het 'n nuwe ewolusionêre en natuurwetenskaplike opvoeding, ewewydiglopende aan die kosmiese ewolusie, bepleit.
- f. J.S. Mill het die empiriese grondslag, waarop die ewolusieproses gesteun het, as 'n nuwe basis vir politiek, etiek en

logika gaan maak.

- g. E. Haeckel het alle Christelike onderwys verdoem en die biologiese wetenskappe met 'n ewolusionêre wêreldbeskouing die wese van die onderwys gemaak.
- h. J.W. Suvern het die natuurwetenskappe 'n groot aandeel in die Duitse leerplanne vergun.
- i. Von Bethmann-Hollweg het amper twee-derdes van die skoolrooster aan wetenskappe afgestaan.
- j. Von Gossler het meer as een-derde van die rooster gevul met wetenskappe.
- k. Gray en President Eliot het wetenskaplike leerplanne aanbeveel vir die V.S.A.
- l. Suid-Afrika het deur die de Mist sisteem meer wetenskappe vir die onderwys bepleit. Onder die superintendentskap van Rose is in die onderwys al hoe meer wetenskappe bepleit en die Suid-Afrikaanse kollege het sedert 1829 van die moderne natuurwetenskappe ingesluit. Dr. Mann se onderwysprogram in Natal handhaaf H. Spencer se onderwysprogram sonder tale en godsdiens. Ook in die O.V.S. het wetenskappe al hoe meer 'n vaste voet gekry. So was dit ook gesteld in die Transvaal, waar die onderwyswet van Pres. T. Burgers baie moderne wetenskappe vir onderwyseropleiding bepleit het, en verder nog van die superintendent van onderwys ge-eis het dat hy 'n wetenskaplik-bevoegde persoon moet wees ten koste van die ideale van 'n Christelik-nasionale Transvaalse bevolking.

#### 4. Die Sosiologiese Beweging:

Hierdie beweging het die natuur- en sosiale wetenskappe, soos hulle ewolusionisties georiënteer was beklemtoon, vanuit 'n sekulêre oogpunt beskou het die sosiologiese onderwysmanne die opvoeding as 'n gevorderde fase van die ewolusieproses beskou; want volgens die ewolusieteorie is daar ononderbroke ewige kragte van ontwikkeling deur die hele natuur, en alle fisiese, sosiale en geestesfaktore, word aan so 'n natuurwet onderwerp. Ooreenkomstig die organiese ewolusie met sy beginsel van natuurlike seleksie is daar dus ook 'n mensewolusie, waarvolgens die

menslike ras hom aanpas by sy omgewing, met ontwikkeling as die gevolg daarvan. Opvoeding het dan geword 'n sosiale seleksieproses terwille van lewensvoorsorg en - behoud.

Hoewel hierdie sosiologiese beweging etiese ideale bv. soos diening van die mensheid gehad het, en dus Christelike onderwysorganisasies aangewakker het, het dit so sterk geword onafhanklik van die godsdiens dat Duitsland na 1873 leiding deur godsdienstige onderwysmanne verbied het, terwyl Frankryk na 1903 alle godsdiensskole gesluit het.

HOOFSTUK VI.

'n Kritiese Beskouing.

1. Die Ewolusieskrywers.

Die ewolusioniste van die negentiende eeu het <sup>verskyn</sup> met 'n nuwe wêreldbeskouing, anders as dié, ~~wat~~ die Christendom openbaar, en dit het die algemene opvoeding ontwrig.

- a. J.B.P.A. Lamarck se ewolusieteorie is onaanneemlik omdat die erflikheidswette nie die oorerflikheid van aangewerwe kenmerke kan bevestig nie.
- b. Von Baer se teorie het eindelijk bewys dat die embrio van 'n ontwikkelende dier gedurende sy ontogenie nie deur die volwasse stadia van ander diere gaan nie.
- c. Meckel se ewolusionêre stellings, kan as gevolg van ware embriologiese en sitologiese wetenskaplike feite nie as geldig beskou word nie.
- d. C. Darwin se ewolusieteorie kan nie bevestig word nie as gevolg van feite oor die genetiese wetenskap, die biometrie, die argaeologie, die sitologie, die biogeografie, die antropologie, die embriologie, die fisiologie, die psigologie, die paleontologie, die botanie, die morfologie en die teologie.
- e. A.R. Wallace se ewolusieteorie, steunende op die beginsel van natuurlike seleksie is soos Darwin se ewolusieteorie ongeldig.
- f. E. Haeckel se ewolusie-geskrifte bevat in toto al die ewolusieteorieë van sy voorgangers en hulle is gevolglik skuldig aan dieselfde kritiek.
- g. H. de Vries se mutasies is doelloos en kan nie as volmaakter, onvolmaakter, aanpassend of nie-aanpassend beskou word nie, en hulle dien ook nie die begrip van natuurlike seleksie of herlewing van die geskikste nie.
- h. Hegel se panteïstiese ewolusiesisteem is 'n onmoontlike sisteem want daar is geen "absolute- in- ontwikkeling" nie.
- i. A. Comte wat in sy ewolusiesisteem die godsdiens slegs as aanvangspunt van die ewolusiesisteem aanvaar, is onderhewig aan dieselfde kritiek, dat die absolute geen voorafgaande ontwikkelingstadium vir ander ewolusionêre stadia vorm nie.

j. H. Spencer, wat sy ewolusionêre filosofie soos dié van Darwin en Hegel openbaar ondergaan dus dieselfde kritiek wat Darwin en Hegel ondergaan het. Ook is Spencer se wetenskappe nie die enigste kennisbron nie.

2. Die Ewolusionêre Onderwysskrywers.

- a. Condorcet het nie juis duidelik bepaal wat ewolusie is nie en sy aanbevole wetenskaplike en tegniese opvoeding kan nie tot 'n hoë akademiese opvoeding lei nie.
- b. Guizot se onderwysprogram, met al die wetenskappe as neweprodukte van die ewolusieleer, verwesenlik slegs 'n enge wetenskapsontwikkeling en nie 'n alsydige personalistiese en dus progressiewe ontwikkeling nie.
- c. A. Comte se onderwysleerplan is aan dieselfde bogenoemde kritiek onderhewig en is verder nie vir elke omgewing aanpassend nie.
- d. T. Huxley se onderwyssistiem is geen ontwikkeling op die tradisionele opvoeding nie, maar 'n reaksie daarteen, en verwaarloos verder die godsdienstige grondslag en humaniteite in die leerplan.
- e. H. Spencer se onderwyssistiem lok dieselfde kritiek as dié teen Huxley se onderwysrigting uit. Verder is hul ewolusionêre wêreldbeskouing ewe-as die Darwinisme ongeldig en onbewysbaar.
- f. E. Haeckel se ewolusionêre en uitsluitlike natuurwetenskaplike onderwyspropaganda, steunende op 'n ateïstiese ewolusieteorie berooft die menslike persoonlikheid van sy sosiale en geestelike status en rebelleer teen die Christendom.
- g. Algemeen.

Die kritiek wat teen die onderwyssisteme van Comté, Huxley, Spencer en Haeckel ingebring is geld ook vir die wetenskap- onderwyssisteme van die negentiende eeu. bv. vir Frankryk, Duitsland, Engeland en in 'n sekere mate vir die V.S.A. en Suid-Afrika. Met die oordrewe erkenning van die natuurwetenskappe - die neweproduk van die ewolusieleer - het genoemde lande leerplanne opgestel, sonder die vereiste humaniteite en godsdiens.

## HOOFSTUK VII.

### Die Ewolusie-beweging In die Twintigste Eeu.

#### Die Skrywers.

Die vernaamste ewolusieskrywers van die twintigste eeu is :-

E. Clodd, E. Haeckel, K.S. Huxley, E.W. Mac Bride, J.B.S. Haldane, T.H. Morgan, H.A.E. Driesch, H.L. Bergson, G. Kerr, H.G. Wells, G.E. Smith, A. Keith, E.B. Tylor, B.C. Gruenberg, J. Mc Cabe, W.H. Turton, O. Lodge, Delage & Goldsmith, F. Mason, W.R. Matthews, H.H. Newman, J.C. Smuts, C.M. Beadnell, B. Kidd, L.T. Hobhouse, R. Broom, die psigo-analiste, W. Mc. Dougall, J.A. Thompson.

Onder die anti-ewolusieskrywers is o.m. J. Gerard, L.T. More, D. Dewar, die Publisiteitskommissie van die Kristelike Unie. Verder is daar ook ewolusie - en anti-ewolusieskrywers oor die opvoeding.

- a. E. Clodd openbaar in sy beskrywings 'n materiële ateïstiese ewolusie, maar verval in skeptisisme en gee geen verklaring aan sy beskrywings nie, sodat hy geen kosmologiese verslag verskaf nie.
- b. E. Haeckel met sy ewolusieteorie wat op die antieke Helleens-paganistiese en die moderne Darwinistiese ewolusieteorieë steun, ondergaan dieselfde kritiek as wat genoemde teorieë ondergaan het.
- c. J.S. Huxley laat die Darwinisme herleef in sy ewolusieteorie en is daarom onderhewig aan dieselfde kritiek as wat teen Darwin geopper is.
- d. E.W. Mac Bride se ewolusieteorie wat op Lamarck se idees | steun faal vir die feit dat die erflikheidswette die oorerflikheid van aangewerwe kenmerke nie kan bevestig nie.
- e. J.B.S. Haldane meen dat ewolusie veroorsaak word deur kiemselveranderings. Maar in die feit, dat Haldane al die kritieke teen die verskillende ewolusiestellings erken, ruk hy sy eie bodem waarop sy teorie staan onder sy voete uit. Selfs die uitvlug om God verantwoordelik te hou vir die ewolusieproses ontvang om verskillende redes sy afkeuring.

f. T.H. Morgan het geen ewolusie-teorie opgestel nie en gebruik die term, ewolusie, maar openbaar slegs die verskynsel van ontwikkeling. Morgan gee 'n analities-eksperimentele behandeling van afsonderlike stellings en aspekte van die ewolusie-teorie en kom noodwendig tot 'n kritiese afkeuring oor baie aanvaarde ewolusionêre stellings. Hy erken dat daar geen transformisme van een soort in ander soorte is nie.

g. C.L. Morgan skryf oor ewolusie, maar getuig filosofies slegs van ontwikkeling.

h. Bergson aanvaar die ewolusie-teorie deur middel van 'n skeppende Duur (God) as 'n verklaring, maar hy is te willekeurig om aan te neem dat die ewolusieproses - volgens die ou wetenskaplike sienswyses - 'n feit is. So 'n veronderstelling weerspreek hy verder as hy beweert dat die antieke en moderne wetenskappe (waarop die ewolusioniste hul ewolusie-teorieë gevestig het) geen verslag van die ewolusieproses mag en kan gee nie. Dus gee hy 'n metafisiese verklaring, analogies met die teorie van spesiale skepping, aan 'n onbewese ewolusie-teorie waarvan die wetenskappe deur homself afgekeur word.

i. J.G. Kerr gee 'n verwerking van al die natuurwetenskaplike teorieë wat vir die ewolusionêre wêreldbeskouing uitgebuit is en meen, soos Darwin, dat variasie en natuurlike seleksie die veroorsakende ewolusiefaktore is. Maar daarmee word ook Kerr se teorie deur die kritiek teen Darwinisme afgekeur.

j. H.G. Wells, J. Huxley en G.P. Wells se gesamentlike ewolusieteorie herhaal feitlik 'n gemoderniseerde Darwinisme en kom dus in die lokval van die kritiek teen Darwin.

k. G.E. Smith gee paleontologiese bewyse vir sy ewolusie-teorie maar sulke paleontologiese gegewens is alreeds as ongeldig vir ewolusieteorieë gekritiseer.

l. A. Keith bepleit die Darwinisme vir sy ewolusieteorie, en pas dit toe op 'n sosiale en geestelike wêreld. Aangesien die Darwinisme gekritiseer is, is ook Keith se Darwinistiese toepassings valslik.

n. E.B. Tylor se antropologiese bydrae tot 'n ewolusionêre wêreldbeskouing, word gemotiveer deur die Darwinisme en is daarom ongeregverdig en ongeldig.

o. B.C. Gruenberg noem bewyse - vir sy ewolusieteorie wat in die kritiek teen Darwinisme en Lamarck se stellings afgekeur is.

p. J. Mc.Cabe bemiddel die stellings van Darwin, Lamarck e.a. en bou verder op meer geologiese en geografiese gegewens as dié van vorige ewolusioniste, vir sy ewolusionêre wêreldbeskouing; maar hy lok dieselfde kritiek uit as wat teen vorige ewolusioniste uitgespreek is.

q. W.H. Turton se teïstiese ewolusionêre wêreldbeskouing lok dieselfde kritiek as wat teen Bergson aangeteken is, uit, aangesien hy Bergson bewus of onbewus volg in sy ewolusionêre uiteensetting.

r. O. Lodge, een van die prominentste wetenskapskrywers, huldig 'n teïstiese ewolusionêre wêreldbeskouing soos Bergson en Turton, maar erken die onmoontlikheid om te bewys hoe lewe uit materie en siel uit lewe ontstaan het. Dus aanvaar hy, soos Bergson en Turton doen, ewolusie as 'n feit, sonder 'n duidelike bewussyn dat die ewolusieteorie bewys is. Sy ewolusionêre wêreldbeskouing sowel as sy praktiese toepassings daarvan - waar dit daarenteë nie bewys is nie - is onregverdigbaar.

s. Delage en Goldsmith, wat al die ewolusieteorieë vermeld, aanvaar oor die algemeen die stelling van universele transformisme vir die ewolusieproses, maar hulle bly nog skepties oor watter biologiese stelling van al die ewolusionêre stellings van die ewolusioniste sonder twyfel die oorsaak van die ewolusieproses is. Die transformisme, soos wat ook Darwin en Lamarck dit bepleit, is egter nie meer geldig nie. Verder getuig hierdie twee skrywers na beskrywing van al die ander ewolusie-stellings dat "... ons betrokke ewolusieprobleem nie bevredigend opgelos kan word nie." J

- t. F. Mason se boek, "Evolution By Creation" bevat die ewolusieteorieë van al die vernaamste moderne ewolusioniste, maar al die tematologiese bewyse is daardie wat ten gunste van Darwin se ewolusieteorie aangewend is, en is dus onderhewig aan dieselfde kritiek wat die Darwinisme as ongeldig en onaanneemlik beskou.
- u. W.R. Matthews bring godsdiens in betrekking met ewolusie, maar Matthews aanvaar, soos Bergson en Turton, 'n ewolusieteorie wat nie bewys is nie. Verder kom Matthews self tot die gevolgtrekking dat 'n Christelike godsdiens nie 'n emergente ewolusieproses - die kernstelling van die moderne ewolusieteorie - kan aanvaar nie. Dus glo Matthews op onbewyslike wyse aan so 'n eienaardige ewolusionêre wêreldbeskouing.
- v. H.H. Newman beskou die ewolusionêre wêreldbeskouing as die enigste outentieke wêreldbeskouing, en daarmee ook 'n nuwe wetenskaplike godsdiens/teenoor die Skriftuurlike godsdiens/van spesiale skepping. Maar hierdie godsdiens is niks anders as Haeckel se ateïstiese wetenskaplike monisme en weerspreek dus Newman se stellings op p. 5, 6 en 7 in die begin van die tesis.
- w. J.C. Smuts se holistiese filosofie getuig van 'n kosmiese ewolusie, wat in die woorde van Smuts self "buitekant die gebied van die wetenskap val, nie na God verwys nie", maar analogies met die Hegeliaanse filosofie is. Smuts steun op die Darwinistiese en Lamarckiaanse ewolusiestellings wat tans as onbewese beskou is en ook eksperimenteel en andersins verwerplik is.
- x. C.M. Beadnell se boek, "Picture Book of Evolution" is 'n gemoderniseerde opsomming van die meeste ewolusieteorieë, waarin die Darwinisme die botoon voer, maar al sulke teorieë is deur die kritiek in die tesis as verwerplik beskou.
- y. B. Kidd, in sy boek, "Social Evolution", getuig van 'n ewolusionêre wêreldbeskouing, wat op sosiale probleme toegepas word - veral morele kultuur. Kidd erken self dat die ewolusieteorie anti-godsdiensstig is. Maar teenoor Kidd se ewolusionisties-toegepaste beginsel van natuurlike seleksie is daar/.....

daar die meer ware sosiologie van die Christelike evangelie van redding van die mees-goddelose sondaar. Dus sal Kidd se ewolusionêre sosiologie slegs fariseërs en tollenaars vir die maatskappy klassifiseer.

z. L.T. Hobhouse se boek, "Mind in Evolution", huldig ortogenetiese ewolusie en aanvaar Haeckel se ewolusieteorie as model. Die menslike instinktiewe en leerprosesse word as ewolusionêre eenhede beskou, veral volgens die ewolusionis, G.J. Romanes se boek, "Animal Intelligence". Die ewolusionêre teorie is egter in Haeckel se teorie en die Darwinisme oor die algemeen gekritiseer.

z1. W. Mc.Dougall se ewolusionêre sielkunde getuig in al sy sielkundige differensiërings van die toepassings van die ewolusieleer in al die sielkundige verhandelings. Ook die werke van psigo-analiste, met Freud as die hoofpersoon, openbaar toegepaste beskouings van die Darwinisme en die ewolusieleer oor die algemeen. In die lig van 'n gestaafde kritiek teen die ewolusieleer het sulke sielkundes 'n valse fondament.

z2. J.A. Thomson aanvaar dat die ewolusieleer 'n waarheid is en trag dan om dit te versoen met godsdienst. Maar so 'n godsdienst is nie die skriftuurlike nie. Aangesien die ewolusieleer as ongeldig beskou is, is ook sy filosofiese beskouing verwerplik.

z3. Robert Broom is ook 'n voorstander van 'n ewolusieleer, gebaseer op afstamming. Broom erken dat die Darwinisme en die Lamarckiaanse ewolusieteorie onaanneemlik is ; nietemin bly hy glo aan organiese ewolusie - waarskynlik as gevolg van paleontologiese bewyse. Laasgenoemde bewyse is egter as verwerplik in die tesis aangedui, sodat ook Broom se ewolusieteorie in duie stort.

HOOFSTUK VIII.

1. DIE ANTI-EWOLUSIE-BEWEGING.

Dis teen die end van die negentiende eeu dat die polemieë teen die ewolusionêre wêreldbeskouing - toe die kerkband verflou het - in boekvorm as bewysprosedures die lig gesien het.

2. DIE ANTI-EWOLUSIESKRYWERS.

Die anti-ewolusieskrywers is :- J. Gerard, L. T. More, Die Publisiteitskommissie van die Kristelike Unie, W.A. Williams, H. Bavinck, E. James, D. Dewar, F.L. Marsh e.a. opvoedkundige skrywers.

A. J. Gerard getuig teen talryke ewolusionêre stellings wat oortuigend weerlê word, in sy boek : "Science or Romance".

B. L.T. More se boek, "The Dogma of Evolution" weerlê die geologiese, paleontologiese, embriologiese e.a. ewolusionêre bewyse deur die ewolusioniste aangewend. Hy haal ook 'n brief van Darwin aan waarin laasgenoemde getuig, dat in die besonderhede van die saak, daar geen bewys is vir soortveranderinge nie. Hy wys ook dat die ekonomiese wette van Malthus waarop die Darwinisme steun, vals is.

C. Die Publisiteitskommissie van die Kristelike Unie se boek, "Die Heilige Skrif en die Wetenskap" bevat referate van verskillende outeurs, wat die ewolusieteorie kritiseer, bv. die referate van Prof. H.G. Stoker, Dr. J.D. du Toit, Dr. D.J. du Plessis.

D. Dr. W.A. Williams se boek, "The Evolution of Man Scientifically Disproved", vermeld velerlei wetenskaplike pogings hoe die historiese, matemitiese, argaeologiese, paleontologiese, biometriese, anatomiese, geologiese gegewens teen die ewolusieleer se vernaamste stellings getuig. Verder is daar veertien argumente, wat bepaald oortuigenderwyse die ewolusieleer weerlê. Skrywer wys soos bogenoemde skrywers op 'n spesiale skeppingsteorie as die beste kosmologiese teorie.

E. Prof. H. Bavinck getuig in sy boek, „Gereformeerde Dogmatiek“ (4 dele) teen die ewolusieleer deur te skryf dat al die ewolusiestellings reeds gekritiseer is, en dat die Heilige Skrif die beste verklaring aan die ontstaan van die mens gee.

F. E. James se boek, „Can We Harmonise The Bible With Science“ verskaf oortuigende kritiek teen die Darwinisme en Lamarckiaanisme. Eindelik is James se beswaar dat die ewolusieteorie geen verklaring gee vir sy materialistiese grondslag nie.

G. D. Dewar se anti-ewolusiebeskouings verskyn in 'n boek, „Is Evolution Proved?“, waarin hy met statistieke aantoon hoe die gegewens van die paleontologie, geografie, morfologie, eksperimente, embriologie ens. eerder teen die ewolusionêre stellings, as vir hulle, getuig.

H. Prof. F.L. Marsh se oortuigende bewyse teen die ewolusieleer verskyn in sy boek, „Evolution, Creation and Science“. Prof. Marsh bewys dat die gegewens uit die sistematiek en morfologie, embriologie, fisiologie, paleontologie, geografie, geologie en biologie almal die ewolusionêre stellings weerlê. Eindelik wys Prof. Marsh hoe die Bybel met sy spesiale skeppingsteorie 'n voldoende kosmologiese wêreldbeskouing oortuigenderwys verskaf.

Al hierdie anti-ewolusiebewyse toon aan hoe H.H. Newman se definisies oor ewolusie soos vermeld in die begin van die tesis nie kan geld nie.

HOOFSTUK IX.

DIE EWOLUSIETEORIE EN DIE OPVOEDING VAN DIE TWINTIGSTE EEU.

A. F. Eby en C. Arrowood meld in hulle boek, "The Development of Modern Education and Practice" vanaf pp. 845 - 897 'n hele reeks progressiewe veranderings, waarvoor nie juis die ewolusionêre wêreldbeskouing nie, maar intendeel die Christelike lewensleer verantwoordelik is. Ook moet die Christelike lewensleer - en nie net die ewolusionêre wêreldbeskouing nie - vir baie progressiewe veranderings in onderwysleerplanne en -metodes verantwoordelik gehou word.

B. Die Skrywers.

Die ewolusieteorie bly die vae, onbewuste agtergrond van baie ewolusieskrywers oor opvoeding, soos bv. J.S. Huxley, S. Hall, J. Dewey, Adams en Shelton, asook die vakskrywers oor godsdiens, sosiologie, etiek, sielkunde, astronomie, biologie, chemie, geologie, botanie, natuurwetenskap, dierkunde, ens. ens.

a. J.S. Huxley openbaar sy ewolusionêre beskouings in sy boek, "Essays of a Biologist", ten koste van gevestigde godsdienslike tradisies, gelowe en teologieë en die tradisionele opvoeding. By Huxley word die natuurwetenskaplike kennisstruktuur tot 'n superstruktuur verhef in 'n nuwe liberale opvoeding wat die tegnies-gevormde persoonlikheid beoog ten koste van 'n sosiale en geestelike status vir die menslike persoonlikheid.

b. Stanley Hall (1844 - ) is een van die grootste ewolusionisties-opvoedkundige skrywers van die twintigste eeu, soos blyk uit sy idees in sy volgende boeke :- "Adolescence : Its Psychology, Sociology, Sex, Crime, Religion and Education" - 2 dele, "Educational Problems". Onder velerlei ewolusionêre stellings meld Hall dat die menslike ewolusie 'n herkapitulasiëproses van rasontwikkelings is. Die onderwysproses moet by die ewolusieproses aanpas, veral deur middel van die ewolusionêre natuurwetenskappe, maar ten koste van 'n humanistiese, taalkundige en godsdienslike opvoeding, sodat sy onderwysteorie

wat/.....

wat verder op 'n onbewese kosmiese ewolusie steun - slegs 'n pragmatiese en tegniese mens kan voortbring en 'n hoë akademiese opvoeding verwaarloos.

c. J. Dewey (1859 - ) se boeke :- "Democracy and Education", "Democracy and the Curriculum", openbaar sy bio-psigologies-ewolusionêre wêreldbeskouing. Maar hy verkondig deur sy ewolusionêre instinktiwisties-gefundeerde teorie slegs pragmatiese onderwysideale ten koste van godsdiens en die redelikesedelike onderwys. Deur sy ewolusionêre wêreldbeskouing, wat gegrond is op 'n onbewese ewolusieteorie, openbaar Dewey slegs die ewolusionêre onderwysbeginsels van Froebel, nl. die doel en proses van die onderwys is slegs ontwikkeling en aanpassing en geen voorbereiding of morele idealisme nie.

d. Prof. J. Adams handhaaf die ewolusiebeskouing in sy boek, "The Evolution of Educational Theory". Prof. Adams bevestig die feit van 'n historiese ewolusie in die onderwys, want - sê hy - .."else the whole scheme of evolution must be abandoned". Maar dis te betwyfel of chronologiese onderwys-sisteme juis ewolusionisties is. Ook is die ewolusieteorie onbewese en daarom sal sy toepassings ongeregverdig wees.

e. H.S. Shelton bepleit die ewolusieteorie in sy boek, "Thoughts of a Schoolmaster" en propageer verder die ewolusionêre wetenskappe in die onderwysleerplan, ten spyte van die polemieke dat die ewolusieteorie 'n onbewese teorie is.

f. Prof. T.P. Nunn se boek, "Education : Its Data and First Principles", getuig van 'n onderwysstelsel wat gebaseer is op die vergelykende biologie tussen mens en dier, en ook die fisies-chemiese basis van die lewe.

## 2. Die Vaksrywers:

g. Miss Bevington getuig van die ewolusionêre beskouing op die gebied van die godsdiens.

h. Die sosiologie van Bartlett, R.M. Maciver en Lippert openbaar die ewolusieteorie en toepassings daarvan.

- i. Etiek, soos geskrywe deur T.H. Green, E. von Hartmann, K. Kautsky, J.S. Mackenzie, openbaar die ewolusionêre beskouing en toepassing daarvan. So ook die werk van Prince Kropotkin.
- j. Sielkunde word ewolusionities vertolk deur W. Mc.Dougall, Bernard, Ross, L.T. Hobhouse, Koffka en Köhler se sielkundige boeke, asook die boek, "Pragmatism" van W. James.
- k. Astronomie word deur Sir. J. Jeans se boeke ewolusionisties beskryf.
- l. Biologie word ewolusionisties interpreteer deur die boeke van E.J. Hadfield, J.W. Stork en L.P.W. Renouf.
- m. Chemie word ewolusionisties interpreteer deur Prof. F.G. Hopkins se geskrifte en ook Dr. E.F. Armstrong.
- n. Geologie het sy ewolusionistiese outeurs, soos D. Leitch, J. Bradley en A.T. Swaine.
- o. Botanie getuig van 'n ewolusionêre beskouing in die boek van A.F.M. Johnson.
- p. Natuurwetenskap word deur Prof. J. Jeans en Prof. A.N. Whitehead in 'n ewolusionêre agtergrond konstrueer.
- q. Dierkunde, soos beskrywe in die boeke van T.J. Parker, R.J.M. Berry, L.A. Borradaile en H. Lister, openbaar die ewolusionêre stellings.
- r. Eugenese kry ewolusionêre interpretasies deur P. Popinoo en R.H. Johnson se boek, "Applied Eugenics".
- s. Geskiedenis word ewolusionisties vertolk deur die werke van A. Buckle, H.S. Wells en W.N. Weich.
- t. Aardrykskunde getuig van die ewolusionêre beskouing in die werke van W. Scott en A. Willmore se "The Groundwork of Modern Geography".
- u. Antropologie word 'n ewolusionêre grondslag gegee deur die werke van R.R. Marett, Dr. M. Haberlandt, A. Keith en Huxley.
- v. Argaeologie verskyn in 'n ewolusionêre vorm in die werke van H. Osborne en McCabe.
- w. Filologie en Godsdiens word ewolusionisties vertolk deur E. Durkheim en A. Schleicher onderskeidelik. Al/.....

Al hierdie skrywers stel hulle op 'n ewolusionistiese standpunt - wat onbewese is - teen die bybel. Verder is daar nog menige skrywers wat hulle op so 'n standpunt stel in baie van hul boeke wat as handboeke in ons onderwys gebruik word.

3. DIE ANTI-EWOLUSIESKRYWERS IN DIE ONDERWYS.

Die ewolusionêre onderwyswêreldbeskouing word as 'n doellose, bestemminglose, onbewese godvrugtelose, onpersonalistiese en onmorele onderwys bestempel deur sulke prominente skrywers soos Prof. Kuyper, Prof. H.H. Bavinck en Prof. J.C. Coetzee in hul onderwysgeskrifte.

HOOFSTUK X.

A. DIE EWOLUSIE-TEORIE EN 'N CHRISTELIK-NASIONALE ONDERWYS.

Die ewolusieteorie is nie bewys nie en so moet 'n nuwe wêreldbeskouing gesoek en aanvaar word.

1. Die Aard van 'n Christelik-Nasionale Lewensbeskouing.

'n Christelik-Nasionale lewensbeskouing aanvaar God as die Ewige Skepper van die skepping en die skepsel, wat deur die liefde van God na Gods beeld geskape is, maar omdat Adam en Eva gesondig het, het erfsonde die hele menslike geslag in ellende gedompel. Omdat die mens nog heerwys na God as sy Skepper is daar 'n moontlikheid van 'n onderwysproses, en omdat die mens onderworpe is aan die erfsonde, ontstaan die noodsaaklikheid van 'n opvoeding.

2. Die Eise van die Christelike Lewensbeskouing in die Onderwysleerplan.

a. Die Christelike eise is dat die onderwysproses, -inhoud en -doel godsdienstig moet wees. Omdat God 'n oue en nuwe verbond opgerig het met sy volk en Jesus Christus gestuur het om alle sondare te bekeer en te verlos, is daar 'n godlik-onderskraagde opvoedingsproses, wat deur die mens voortgeset moet en behoort te word.

Hierdie fundamentele christelik-nasionale onderwysbeskouing is luisterryk uiteengesit deur die groot hervormer en protestant, J. Calvyn in sy vier boekdele, „Institusie of Onderwysing in die Christelike Godsdienst“, soos vertaal in Nederlands uit Latyn.

b. Godsdiensonderwys moet 'n leerplanvak wees en onderwys word volgens die bybelse eis in Deut. 6 : 4 - 7.

c. Die skool moet die verband tussen huisgesin, skool, kerk en staat handhaaf.

d. Godsdiensonderwys moet die superstruktuur wees.

e. Godsdiensonderwys moet sentraal wees en al die kennis-sisteme deurstraal.

3. Die Inhoud van die Nasionale Beginsels in die Onderwysleerplan.

- a. Die historiese volksverlede moet erken word en wel volgens die bybelse stelling, dat God al die nasies uit een bloed geskape het.
- b. Die skool moet opvoed om te voorsien in die ooreenkomstige lewensbehoefte.
- c. Die skool moet aansluit by die volkkundighede.
- d. Nasionale kennissisteme en kultuur moet die uitgangspunt wees.
- e. Maar ook ander kulture word erken en onder sekere voorwaardes en verstandhoudinge onderwys.

4. Die Verdere Verwikkelings van 'n Christelik-Nasionale Beskouing.

Bogenoemde lewensbeskouing sluit dan die volgende probleme in :

- a. Die aard van Onderwys.
- b. Die belangrikheid van onderwys.
- c. Doeleindes van die Christelike onderwys.
- d. Die Christelike onderwyser.
- e. Die voorbereiding van die Christelike onderwyser.
- f. Hoe die leerlinge leer.
- g. Motivering en die leerproses.
- h. Die ervaring van die verlede waarop gebou word.
- i. Onderwysmetodes.
- k. Die verbetering van die onderwysproses.

5. Die Verdere Verwikkelings i.v.m. die Christelike Nasionale Onderwysbeskouing.

Die stelling van 'n Christelik-Nasionale onderwys is so ver as wat dit nasionaal is, aangewys op 'n bloedbond van mense, en dit veral soos die bybel dit uitlê in Handeling 17, vers 26: "En Hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon". Die onderwys sal dan begin by eie volk en vaderland.

6. Die Ewolusieleer beskou i.v.m. 'n Christelik-Nasionale Onderwys.

Die ewolusieleer kan nie al die vraagstukke, lewensver-  
skynsels, volgens Christelik-nasionale eise beantwoord en oplos-  
nie, en verder gee dit 'n onjuiste verklaring in soverre dit  
sekere vraagstukke beantwoord.

B. DIE CHRISTELIK-NASIONALE LEWENSBEKOUING EN DIE WETENSKAP.

Die bybel is ten gunste van die ondersoek, navorsing en  
bevordering van die wetenskap oor die algemeen en wysheid in  
besonder, soos blyk uit talryke bybeltekste en -stellings.  
Maar die Christelik-nasionale lewensbeskouing erken 'n hier-  
argie van kennissisteme in die orde van eers die teologie,  
gevolg deur die wysbegeerte en dan die besondere vakwetenskap-  
pe.

C. DIE EWOLUSIELEER EN DIE WETENSKAP.

Deur alle kennis in die kategorie van 'n ewolusionêre  
wêreldbeskouing te forseer, word die wetenskappe van hulle  
eie waarheidsaard beroof en dus verloor sulke wetenskappe hul  
ware, eie, indiwiduele wese. Verder het die uitsluitlike ver-  
heffing van die natuurwetenskap, deur die ewolusioniste,  
aanleiding gegee tot eensydige en enge lewensbeskouings, soos  
bv. die Atomisme, die Materialisme, die Meganistiese. In die  
filosofie het sulke enge kennissisteme ontstaan soos die  
Materialisme, die Vitalisme, die Utilisme, die Hedonisme en  
die Humanisme. In die sielkunde het die eensydige sisteme  
ontstaan van die Behaviourisme, die Gestaltisme, die Instink-  
tiwisme, die Mentalisme en die Psigo-analise, ens.

D. DIE EWOLUSIETEORIE EN DIE ONDERWYS.

Die ewolusionêre wêreldbeskouing het gekom met sy Prag-  
matisme, Humanisme en Behaviourisme en ons moderne onderwys  
in al sy fases oorweldig; en ten spyte van 'n Calvinisties-  
gefundeerde kultuurgeskiedenis en beskawing van Suid-Afrika  
sedert 1652, wat oor die algemeen geen ewolusieskrywers het nie,  
word/.....

word die kosmopolitiese ewolusionêre onderwyssisteme se stellings nogtans vir ons Suid-Afrikaanse onderwyssisteem opgedis. Maar alhoewel baie Europees-republikeinse state godsdiens-  
onderwys verbied het, dan kan 'n Oranje-Calvinistiese tradisie so 'n toestand nie gedoog nie. Waar 'n ewolusionêre wêreld-  
beskouing mitologies teenoor die Christendom staan, erken 'n Christelik-nasionale onderwys 'n Heelal waar skepping, skepser en Skepper die onvervreembare lewenseenhede, sub specie aeternitas sal bly.

-----